e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

1 Oktober 2009
Jaargang 2 – Uitgawe 34

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Godsdiens en skole

Die vraag of daar hoegenaamd ruimte vir godsdiens by skole moet wees, is die afgelope tyd in die openbare media op die spits gedryf. Daar word hewige debatte daaroor gevoer. Baie van ons lidmate is in die onderwys betrokke, en die *e-Hervormer* het 'n paar se menings gevra.

Ons behoort enkele belangrike beginsels in gedagte te hou. Die eerste is dat ons in 'n land woon waarvan die grootste deel van die bevolking Christene is. Of dit net in naam is en of dit werklik toegewyde gelowiges is, is nie nou ter sake nie. Die feit is dat 'n skool tog in 'n mate die gemeenskap waarin hy hom bevind, weerspieël. Gert Smith is hoof van 'n laerskool waar verskillende kulture en gelowe verteenwoordig is. Hy ondervind geen probleme met godsdiens by die skool nie. Volgens hom is die skool 'n verlengstuk van die ouerhuis, en aangesien die meerderheid kinders uit Christenhuise kom, aanvaar die ander ouers dat die skool Christelike waardes en gebruike sal eerbiedig.

Nog 'n beginsel is dat die saak van godsdiens op skool in die wet verskans word. Daarvolgens is dit moontlik dat 'n skool 'n Christelike etos kan hê. Die skool se beheerliggaam wat deur die ouers verkies word, neem hierdie besluit, aldus Ferdi Maree, hoof van een van die grootste Afrikaanse laerskole in die land. Ons as geloofsgemeenskap behoort die geleentheid wat aan ons gebied word, positief te benut. Dit bly 'n voorreg. In baie ander lande is dit nie die geval nie.

Maree beklemtoon egter 'n volgende beginsel, en dit is dat geloofsopvoeding en godsdiensonderrig in die eerste plek die ouer se verantwoordelikheid en voorreg bly. Ouers kan dit nie na die skole delegeer nie. Tog is geloof en godsdiens nie net 'n private aangeleentheid wat by die huis beoefen word nie. Dit is juis iets wat in 'n mens se lewe van elke dag, en daarom ook by ons skole, uitgeleef moet word. In hierdie opsig speel die onderwyser 'n belangrike rol. Niemand kan die vormende waarde van 'n onderwyser se voorbeeld, veral op geloofsvlak, ontken nie. Ons sou tog nie 'n situasie wou hê, soos wat al in ander lande gebeur het, dat onderwysers vervolg word as hulle bloot oor geloofsake praat nie.

Freda Wilkens, 'n bekende opvoedkundige en ouderlinglid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV), sal in 'n volgende uitgawe van *Die Hervormer* die onderwysbeleid oor godsdiens bespreek.

Hierdie aangeleentheid is net weer 'n wekroep vir ons as Kerk om erns te maak met ons kinders se geloofsopvoeding. Die Kerk se rol is die inskerping van geloofskennis en -vaardighede. Ons moet ouers, kinders, jeugwerkers en kategete voortdurend daarvoor toerus. Ons moet steeds erns maak met ons kategeseprogramme en -inhoud. Ons moet voorbidding doen vir almal wat by die onderwys betrokke is en die skole en onderwysers in ons omgewing ondersteun en bemoedig. Kerkleiers sal nog meer hande moet vat met skole. Wysheid met die bestuur van geestelike aangeleenthede gaan in die toekoms die karakter van skole en die onderwys bepaal.

Dr Gerhard Lindeque

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak asseblief die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas.

Beroep ontvang

- **Ds Annelie Botha** van Gobabis (deelsorg) na Mafeking
- **Ds Rudy Denton** van Potchefstroom-Studente na Delareyville

Beroep aanvaar

- **Dr Wimpie van Schoor** van Pinetown (deelsorg) na Primrose-Oos

Beroep bedank

- **Ds Rudy Denton** van Potchefstroom-Studente na Delareyville

Vakante standplaas

- Die gemeentes Joachim Prinsloo en Ruskoppies in die omgewing van Thabazimbi- bosveld het besluit om 'n kombinasie-ooreenkoms aan te gaan en so 'n **volledig versorgde standplaas** te skep. Die predikantsegpaar sal in die rustige dorpie Dwaalboom woon. Twee oggenderedienste by die onderskeie gemeentes vind Sondae plaas. Die gemeentes bestaan grootliks uit dorpswyke, maar daar is ook verskeie plaaswyke. Die platinummyne en PPC verskaf werk in die omgewing. Daar is groot groeipotensiaal indien met ywer en toewyding gewerk word. Belangstellende getroude predikante met minstens drie jaar ondervinding (ook egpare wat albei predikante is) kan **voor 10 Oktober** met 'n CV aansoek doen by **poenaS@amplats.co.za**. Kontak Poena Siemens ook by faksnommers 086 632 2161 of 086 554 4728, of na 14:00 by selnommer 073 701 1737 vir meer inligting.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Ds Chris le Roux**, predikant van Stellenbosch/Worcester, **se broer** is die afgelope week oorlede. Hy was net 55 jaar oud. Meegevoel word met ds Chris en sy familie betuig met hul groot verlies.

- **Dr André Botma se skoonmoeder** is verlede week oorlede. Meegevoel word met dr Botma, sy vrou Anjali, en die familie betuig.

- **Prof Theuns Dreyer** sterk mooi aan na sy onlangse rugoperasie. Hy beleef nog heelwat pyn, maar die herstelproses vorder stadig maar seker. Die Kerk verseker hom weer eens van ons voorbidding. Mag hy gou en volkome herstel.

- **Dr Hennie van Deventer** het 'n week gelede weer 'n opehartoperasie ondergaan. 'n Elektrode is direk aan die linkerventrikel geheg. Dit is soortgelyk aan die manier waarop hartomleidings deesdae gedoen word. Die operasie is deur sy ribbes gedoen en was baie pynlik. Hy sterk reeds mooi aan en is vol moed om ook nog waar hy kan diens in die Kerk te lewer. Die Kerk verseker hom en sy vrou Magda van ons voorbidding.

- **Dr Paul de Beer** se drie maande as brugpredikant by Midstream (Gemeente Olifantsfontein) het aan die einde van September ten einde geloop. Die kerkraad en Ringskommissie het versoek dat hy steeds aanbly, aangesien die lidmate van Midstream in Oktober van Gemeente Olifantsfontein afstig en 'n selfstandige gemeente vorm. Dr De Beer het ingewillig om die nuutgestigte gemeente verder pastoraal te bearbei en saam met die Ringskommissie te begelei in die tydperk waarin beroep moet word.

- **Prof Bieks Beukes** se werktyd as brugpredikant by Gemeente Durban-Suid het ook aan die einde van September ten einde geloop. Daar is informeel te kenne gegee dat hy moontlik 'n maand langer moet aanbly om ook die afgestigte gedeelte van die gemeente by Amanzimtoti en die bestaande gemeente Durban-Suid te begelei tydens hul beroepswerksaamhede. Daar is egter nog geen formele versoek in dié verband ontvang nie.

- **Ds Mariaan Schutte** berig uit Wanganui, Nieu-Seeland, dat hul gesin reeds drie jaar in Nieu-Seeland is waar haar man sy opleiding as psigiater ontvang. Die gemeente wat sy byeengebring het, het reeds sterk gegroei en hulle hoop om in 2010 deel van die Afrikaanse Christenkerk van Nieu-Seeland te word. Onlangs is die eerste baba in die gemeente gedoop. Lidmate wat na Nieu-Seeland verhuis, kan met dié Kerk kontak maak by **www.afrchristenkerk.co.nz** of kan met haar skakel by **mbasza@yahoo.com**.

- Ons plaas graag die volgende brief wat ons van ds Mariaan ontvang het:

  "Ons het drie jaar gelede met twee tasse in Wanganui, Nieu-Seeland, aangekom. Ons het geen familie hier gehad nie en nooit eers die land besoek waarheen ons gekom het om te bly nie… Baie mense sal sê dit is om die wa voor die perde in te span. Ons glo dat die Here, selfs uit sulke chaos, kan sin maak.

  Vandag kyk ons terug. Ons lewens is vol. Propvol.

  Die gemeente het gegroei en ons hoop om vroeg volgende jaar deel te word van die Afrikaanse Christenkerk van Nieu-Seeland. Ons is baie gelukkig dat die Toptien-vakansiepark se eienaars, Martie en André van Schalkwyk, hul saal en toerusting beskikbaar stel vir ons eredienste. Natuurlik is kerk amper soos toentertyd se Nagmaal waar almal sommer vir die naweek daar saamtrek en braai en kuier.

  Ons het onlangs ons eerste doop in Wanganui gehou. Janke Venter se ouers, Elrine en Nico Venter, het breed geglimlag omdat hulle die eerstes is wat kerkgeskiedenis maak hier in Wangavegas, soos ons dit noem!

  Ek en Stefan verhuis einde van die jaar na Wellington sodat Stefan sy laaste drie jaar se psigiatrie-opleiding kan voltooi. Ons sal Wanganui nie net onthou vir sy groot rivier en die onherbergsame *pera-pera's* nie, maar vir vreemdes wat vriende geword het. Aan God al die eer, wat ons op arendsvlerke dra.

  Indien u familie en vriende het wat woon of verhuis na Nieu-Seeland, kan hulle met die Afrikaanse Christenkerk kontak maak by **www.afrchristenkerk.co.nz** of gerus aan my 'n e-pos stuur by **mbasza@yahoo.com**."

  Mariaan en Stefan Schutte

- Twee van die Kerk se MDiv1-studente, **Pieter Rossouw en Wouter van Wyk**, het op Maandagaand 28 September na Oostenryk vertrek om vier maande lank aan die **Universiteit van Wenen** te studeer, onder leiding van prof Jimmie Loader. Die geleentheid is deel van die uitruilskema tussen dié Universiteit en die Universiteit van Pretoria.

- **Die volgende predikante verjaar van 2 tot 9 Oktober,** en word hartlik geluk gewens:

  - Vrydag 2 Oktober: Ds Charel van der Berg
  - Saterdag 3 Oktober: Prof Bart Oberholzer en ds Piet van der Merwe
  - Sondag 4 Oktober: Ds Schalk Kok
  - Maandag 5 Oktober: Ds Leon Janse van Rensburg
  - Dinsdag 6 Oktober: Di Etienne Verhage en Frikkie Viljoen
  - Woensdag 7 Oktober: Dr Paul de Beer
  - Donderdag 8 Oktober: Prof Johan Gericke en ds Willie Strydom
  - Vrydag 9 Oktober: Dr Wim Dreyer en ds Sakkie Meyer

- **Gemeente Glencoe** het besluit om vir minstens die volgende drie maande van 'n **brugpredikant** gebruik te maak. Daar moet onder meer aan die gemeente leiding gegee word oor die toekomstige bediening. Die Ringskommissie van Noordelike Natal is by die huidige werksaamhede betrokke.

- **Gemeente Pretoria** beskik tans oor 'n **vakature vir 'n koster**. Aansoeke kan gerig word aan die skriba, mnr Frans Changuion, by Posbus 40784, Arcadia 0007. Die **sluitingsdatum is 15 Oktober**. Skakel mnr Changuion by 083 749 9281 vir meer besonderhede.

- Die **diakens van die Kerk** beleef tans 'n opwindende tyd met baie uitdagings. Daar is nog nooit tevore met soveel entoesiasme debat gevoer oor die rol en plek van die diaken nie. In baie gemeentes is daar nie meer diakens wat offergawes insamel nie. Diakens wat tans diens doen, ervaar dat lidmate ook nie meer bereid is om as diakens bevestig te word nie. **Is die amp van diaken uitgedien?** Daar is reeds gemeentes wat vanweë andersoortige bedieningspraktyke met ander diakonale modelle eksperimenteer. Met die oog op die 5de Algemene Diakensvergadering (ADV) raak debat oor die inhoud en lewensvatbaarheid van die amp van diaken noodsaaklik. Die Kommissie van die ADV nooi alle belangstellende lidmate en ampsdraers uit om deel te neem aan hierdie debat. Daar is 'n **gespreksforum** vir hierdie doel op die **webwerf van die diakens** geskep, by **www.nhk-adv.org.za**. 'n Handleiding op die web verduidelik stap vir stap hoe toegang tot die forum verkry kan word. Sodra u die registrasievorm gestuur het, sal u versoek verwerk word deur die forumadministrateur, en u sal per e-pos in kennis gestel word wanneer u die forum kan begin gebruik. Gebruik die forum om u stem te laat hoor. So kan ons elkeen 'n waardevolle bydrae lewer tot die debat rondom die diakonaat.

Verjaardagvierings en spesiale eredienste

- **Gemeente Noordelike Pretoria vier vanjaar hul 75ste bestaansjaar.** Hulle hou **gemeentefees** van **Vrydag 16 tot Sondag 18 Oktober**, en wil ook 'n **gedenkalbum** uitgee. Kontak ds André Strauss by 012 335 9208, 082 710 2539 of **anly58@gmail.com**.

- **Gemeente Petrusburg** hou op **Saterdag 14 November** ’n **kuierdag** vir alle oudpredikante en oudlidmate. Op **Sondag 15 November** hou hulle ’n **hoeksteenlegging**. Kontak Leanie van der Merwe by 082 859 7739 vir meer inligting.

Konserte en damesbyeenkomste

- **Gemeente Theresapark** bied op **Vrydag 2 Oktober** om 18:30 vir 19:00 ’n **tradisionele dansdemonstrasie** met ’n **driegang Boerekosete** aan. Die koste is R150 per persoon of R250 per paar. Vir kaartjies en meer besonderhede, kontak die gemeentelike kerkkantoor by **nhtheresapark@absamail.co.za** of 012 542 3568.

- Die **NHSV van Gemeente Wonderboompoort** bied op **Saterdag 10 Oktober** om 10:00 ’n Lente-tee ten bate van barmhartigheid aan met die 5 Bellas, Isabel Retief en haar 4 dogters Katrien (16), Magdalena (14), Cornelia (12) en Christina (10). Saam met hulle tree die voordragkunstenaar Cobie Swart op. Die koste is R50 per persoon. Kontak Janeke de Bruin by 072 620 4060.

- **Gemeente Belfast** bied op **Saterdag 10 Oktober** om 14:00 ’n **damestee** aan in die kerksaal, hv Steven Masango- en Mc Donaldstraat, Belfast. Die tema is *Almal dra ’n hoed!* Die koste is R60 per persoon, en vir bejaardes R30 per persoon. Skakel 013 253 1601 vir meer besonderhede.

- **Glam Guru** (Hannon Bothma en span) kom kuier by die **NHSV Villiers** op **Woensdag 14 Oktober** om 18:30. Kaartjies kos R100 per persoon. Daar sal ook ’n gelukkige trekking wees. Kontak Helen du Preez by 082 417 5188 vir meer inligting of kaartjies.

- **Gemeente Noordrand** hou op **Saterdag 17 Oktober konsert met Nianell en ’n kaas-en-wyn-ete** in die kerksaal. Die koste is R150 per persoon. Vir besonderhede en besprekings, skakel Anette Coetzee by 084 500 3989 of 011 958 1054, of Trudie Rees by 082 456 6975.

- **Gemeente Premiermyn** in Cullinan se **NHSV** hou op **Saterdag 17 Oktober** om 10:00 ’n **Damestee** in die kerksaal met **Saphira** (Janetta Kannenberg) as spreker. Die tema is *Vrouwees*. Daar sal ook uitstallers wees en heelwat pryse om te wen. Alle dames wat die dag wil bywoon of dalk wil uitstal, is welkom. Die toegang is R60 en ’n ontwerpershoed (jou eie ontwerp). Skakel Annetjie by 082 921 8200.

Kampe en toere

- **Gemeente Hartebeeshoek** bied van **9 tot 11 Oktober** ’n **Ma-en-dogter-kamp** aan by Mopani Lodge. Ma’s met dogters van graad 7 tot volwasse ouderdom sal die meeste baat vind by die gesprek. Bring 3 foto’s van jou en jou ma saam, en bring gerus ook vir mekaar ’n klein verrassing! Kontak ds Janine Bevolo-Manders by 012 546 8686, 083 260 0983 of **bevolo@arestan.co.za**.

- **Gemeente Hartebeeshoek** bied van **Vrydag 30 Oktober tot Sondag 1 November** ’n **skoolverwisselingskamp** aan by Warthog Inn. Die koste is R360 per kind. Die hoërskoollewe lê en wag net om die draai! Laat ons jou help om jou daarop voor te berei. Kontak ds Janine Bevolo-Manders by 012 546 8686, 083 260 0983 of **bevolo@arestan.co.za**.

- **Aandag alle matrieks.** Die Hervormde Kerk bied weer ’n **X-matriek-wegbreek** aan, van **7 tot 12 Desember**, by Mount Joy Lodge naby Margate. Vir net R1 900 kan jy ’n week lank weggaan saam met ander x-matrieks. **Di Thomas Dreyer** (082 552 9394) **en Petri van Rooyen** (083 662 2804) vergesel die groep. Slegs 25 x-matrieks kan geakkommodeer word. Bespreek by Danie van der Merwe by 082 334 6469 of 012 661 8544, per faks by 086 541 0927, of per e-pos by **dtpromotions@telkomsa.net**.

- Daar is nog plekke beskikbaar vir die toer wat **onder leiding van ds André Ungerer** na die **2010 Passiespel** onderneem word. Die vertrekdatum is 8 Junie 2010. Kontak ds Ungerer of sy vrou, Esbé, by 018 468 5127, 082 940 8201 of **nhrngzpg@mweb.co.za**.

- Nog ’n **pelgrimstoer** vir Christene na Oberammergau en Israel via Switserland vind van 28 Mei tot 8 Junie 2010 plaas. Die toerleier is **dr Hennie Botes**. Kontak dr Botes by 014 743 0209 of **hjbotes@worldonline.co.za**.

Sportbyeenkomste en -kompetisies

- **Gemeente Weltevreden** hou op **Dinsdag 13 Oktober** vanjaar sy 9de Jaarlikse Wilde Weste **Gholfuitdaging** by Eagle Canyon aan die Wes-Rand. Kontak Tinus de Wet by 082 774 7013 of Izane Cloete-Hamilton by 082 320 6168.

- **Gemeente Waterberg** in Nylstroom hou ’n **gholfdag** by Koro Creek Gholfklub op **Saterdag 24 Oktober**. Vir meer inligting, skakel Ina Lategan tussen 08:00 en 13:00 by 014 717 3355, of James van Zyl by 014 717 2244. Groot pryse is op die spel!

- **Gemeente Belfast** bied op **Saterdag 31 Oktober** 'n **gholfdag** aan. Skakel Christelle by 083 737 4930 vir meer inligting.

- **Gemeente Witbank** bied 'n **Oewer- en Boothengelkompetisie** aan op **Saterdag 7 November** by Forever Resorts Loskopdam. Daar is groot pryse te wen! Kontak ds Arno Nieuwhof by 073 240 6030, Christo by 082 254 3296, of Peet by 083 228 3365.

Ander kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Bellville** bied maandeliks **wegneemetes** aan op die laaste Vrydag van die maand. Dit word goed ondersteun deur die gemeente en die gemeenskap en kan as 'n sukses beskou word. Hulle wil graag hoor hoe ander gemeentes vaar met soortgelyke funksies – enige korrespondensie kan gerig word aan **www.nhkbellville.co.za**.

- **Gemeente Naboomspruit** hou 'n **osbraai** op **Saterdag 10 Oktober** om 18:00 by die Naboomspruitse feesterrein. Kontak Lena by 014 743 1325.

- **Gemeente Piet Potgieter** in Potgietersrus (Mokopane) bied 'n **somerjaggeleentheid** aan by 'n uitsoekjagplaas. Daar is verblyf beskikbaar vir 6 in Tumuga Hunting se jagkamp. Die eerste prys is 'n waterbok en twee rooibokke, en die tweede prys is 'n koedoekoei of wildebeeskoei en 'n rooibok. Die vleis word verkoel en gratis verwerk. Kaartjies is teen R50 beskikbaar by 082 821 6873 of 015 491 6313. Die wenner word op **14 November** aangewys tydens die gemeente se Kersmark.

- **Gemeente Springs-Oos** bied 'n **feesreeks messe** aan om saam te val met die gemeente se **50ste verjaardag**, en om fondse in te samel vir die bou van 'n ouetehuis. Kontak ds Pierre Roets by 083 274 2657, Marietta Perkins by 084 212 2186, of Valerie Benadie by 082 852 5526 vir meer inligting, pryse en om te bestel.

- Gemeentes kan groot geld verdien deur aan gemeentes **Hartbeesfontein en Gerdau** se **Wen-'n-boerdery-kompetisie** deel te neem. Die trekking is eers op **8 Mei 2010**. Kontak Jaco Labuschagne by 083 779 7954 of die kolporteur by **kolporteur.nhk@gmail.com** vir meer inligting of bestellings.

Basaars en markte

- **Gemeente Laer Suidkus** hou op **Vrydag 2 en Saterdag 3 Oktober** karnaval in egte boeretradisie. Die **Krokodilfees-karnaval** skop af met 'n spitbraai op 2 Oktober om 18:00. Kaartjies kos R50 per persoon. Op Saterdag 3 Oktober word die karnaval aangebied op die kerkterrein, Scottstraat 3 in Port Shepstone, en op die bure, Port Shepstone Baptist Church, se terrein. Skakel ds Jacques Pieterse by 082 458 4482.

- **Gemeente Kruin** bied op **Saterdag 31 Oktober** hul jaarlikse **karnaval** aan. Daar sal onder meer 'n vendusie en 'n potjiekoskompetisie wees. Kom luister na die Monument-boereorkes met Bosveld Stereo as DJ. Kontak die gemeentelike kerkkantoor by **nhkkruin@gmail.com**.

- Op **Saterdag 7 November** hou **Gemeente Waterberg** 'n **Kersmark**. Vir meer inligting, skakel die gemeentelike kerkkantoor by 014 717 3355.

- **Gemeente Magaliesmoot** hou van **2 tot 5 Desember** 'n **Kersmark**. Belangstellendes kan hul eie produkte daar kom uitstal of verkoop. Kontak Elma by 082 954 7955 vir keuring.

ANDER NUUS

- **Cecile Naudé** van SENTIK het verloof geraak aan Albert Richter. Ons deel in hul vreugde en bid dat die Here sy hand oor hulle sal hou.

- **Dr Koos Engelbrecht,** ouderlinglid van die Kommissie van die AKV en voorheen direkteur van Die Ondersteuningsraad, **se broer** is die afgelope naweek in 'n motorongeluk oorlede. Meelewing word met dr Koos en die familie betuig.

- Die Administrateur, **mnr Kobus Viljoen**, is met **verlof** tot 13 Oktober. Navrae kan in sy afwesigheid gerig word aan dr Fanie Pretorius of mnr Elmar Struwig.

- Die *Foundation for the Promoting of Reformed Missiology and Ecumenics* (**PROMISE**) bied op **Dinsdag 27 en Woensdag 28 Oktober** 'n **konferensie** aan oor **sending en genesing in Afrika**. Dit vind plaas in die Raadsaal van die Dirk van der Hoffgebou in Jacob Maréstraat, Pretoria.

Die sprekers is onder meer dr Paul Visser van Den Haag, prof Natie van Wyk van die Afrika Instituut vir Missiologie (AIM), prof Derrick Mashau van Potchefstroom, prof Pieter Tuit van Grand Rapids, en prof Kees Haak van Kampen. Laat weet prof Natie van Wyk so gou moontlik of u teenwoordig kan wees. Kontak hom by **aim1@mweb.co.za** of 012 322 8885 x249.

- Die **Kerkhistoriese Genootskap** van die Hervormde Kerk vier sy **50-jarige bestaan** tydens sy kongres op **Donderdag 8 Oktober** om 09:00 in die kerkgebou van Gemeente Meyerspark. Kontak dr Malan Storm by 083 308 1030 vir meer inligting.

- Die **to care foundation** bied weer **Placécol**-bederfdae aan op **Saterdae 10 en 17 Oktober**. Vir slegs R150 ontvang jy 'n gesigbehandeling, rug- en nekmassering asook 'n manikuur in 'n sessie van 'n uur en 'n half. Die sessies is van 08:30 tot 10:00; 10:30 tot 12:00; 12:30 tot 14:00. Kontak Linda by 012 322 8885 x205 of **linda@tocare.co.za** om plek te bespreek.

Belangrike vergaderings

- Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

  - Dinsdag 6 Oktober: Raad vir Gesinsorg
  - Woensdag 7 Oktober: Dagbestuur van die Kinderhuise; Raad vir Ekumene

'n Tydige waarskuwing

Met die media vol berigte van gesinsmoorde en selfmoord, is dit belangrik om weer kennis te neem van instansies waar om hulp aangeklop kan word:

- Suid-Afrikaanse Depressie- en Angsstoornisgroep (SADAG)
  0800 567 567 of 0800 205 026 of 011 262 6396 (kantoor)
- Die Ondersteuningsraad 0800 205 121 of 012 322 8885 (hoofkantoor)
- Childline
  08000 55555
- Lifeline
  0861 322 322
- Lees ook die boek *As 'n kind se lag verdwyn* deur Henk en Ansie Gous. Bestel dit van mev Susann van Zyl by 012 322 8885 x291, **sentik@nhk.co.za** of faksnommer 012 322 7906 teen R70 (posgeld uitgesluit).

Vakatures by die Universiteit van Pretoria

Die onderstaande twee vakatures bestaan tans by die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria.

- **Deeltydse termynaanstelling in die Departement Kerkgeskiedenis en Kerkreg**
  Die termyn van die pos is jaarliks hersienbaar. Die aantal ure wat die dosent per week vir die pos beskikbaar moet wees, sal onderhandel word.
- **Permanent-voltydse aanstelling in die Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap**

Predikante van die Hervormde Kerk wat toepaslik gekwalifiseer is, kan aansoek doen. Rig navrae aan **me Hannie-Marie Swart** by **hannie-marie.swart@up.ac.za**. Aansoeke word *via* die Skriba van die Kuratorium gerig aan die Direkteur: Menslike Hulpbronne van die Universiteit van Pretoria en word **tot Vrydag 2 Oktober** ingewag. Indien die aanstellingsprosedures verloop soos beplan, sal die vakatures **met ingang van 1 Januarie 2010** gevul word.

KOMMENTAAR

"As werknemer by Eskom vir die laaste 38 jaar wil ek graag op die berig *Eskom in die spervuur* (agterblad, *e-Hervormer*, 23 September 2009) reageer. Dit is my persoonlike mening en nie dié van Eskom nie.

Eerstens kan 'n mens verstaan dat die hele sage rondom die prysverhogings 'n emosionele reaksie is. Soos in baie gevalle word oorreageer, veral as 'n mens nie die ware feite het nie. Die media is op soek na sensasie en plaas nie noodwendig die goed in perspektief nie. Die dilemma waarin die organisasie hom bevind, is dat Eskom in die vorige bedeling nie maatskappyebelasting betaal het nie. Ons is nou 'n maatskappy met een aandeelhouer, en dit is die staat! U sal begryp dat belasting alleen 'n geweldige impak op enige maatskappy se boeke het.

’n Tweede opmerking: Eskom, sowel as ander rolspelers in Suid-Afrika soos ekonome, nywerhede en besigheidsforums, het al in 1998 die regering daarop gewys dat ons nuwe kragstasies sal moet bou. Ongelukkig het dit nie gerealiseer nie! In 2000 en 2002 is soortgelyke oproepe gemaak, en weer eens geen reaksie nie. Die regering het gehoop dat onafhanklike kragopwek-industrieë die mark sou betree, wat dan die las op Eskom sou verminder. Ongelukkig het dit nie gerealiseer nie! Eers in 2004 het die regering Eskom se versoek om nuwe kragstasies op te rig, goedgekeur.

Dit neem ongeveer 8 jaar om ’n nuwe kragstasie op te rig. Die koste vir die bou van kragstasies het oor die afgelope jare die hoogte in geskiet. Een van Eskom se nuwe steenkoolkragstasies wat tans opgerig word, kos ’n aansienlike R110 miljard!

Suid-Afrika word as ’n ontwikkelende land beskou. Dus, as ons wil hê die land moet ekonomies groei sodat almal daarby kan baat, sal ons kragstasies moet bou. Sonder elektrisiteit kom ’n land se ekonomie tot stilstand! Kyk maar net hoe lyk Afrika.

Om hoofbestuurders van wanbestuur te beskuldig, is onregverdig. As ’n mens na Eskom se jaarlikse begroting kyk, wonder ek watter impak die verhoging van ’n topamptenaar op die begroting sal hê. Terloops, net vir steenkool, kernbrandstof en diesel het ons verlede jaar R25 miljard spandeer! Om Eskom met byvoorbeeld die VSA se motormark te vergelyk, dra ook nie water nie. Jy kan jou ou motor hou, maar sonder elektrisiteit doen jy baie min!

Daar is baie mense in Eskom wat steeds ’n positiewe bydrae lewer, en onder moeilike omstandighede, om die *ligte te laat brand.* Ons as burgers van die land sal moet aanvaar dat wat gebeur het, water onder die brug is. Ons sal aan die een kant daarna moet streef om energie, elektrisiteit, te bespaar. Maar ons sal ook moet opstaan en uitvind presies waarvoor ons betaal. Die meeste mense kry ’n rekening van Eskom of die plaaslike owerheid sonder dat daar toegang tot die meters was! En daar sal daadwerklik teen wanbetalers opgetree moet word.”

Danie le Roux

AGTERBLAD

Goud en silwer het ons nie...

Die Oktober 2009-uitgawe van *Die Hervormer* is aan gemeentes gestuur. Die hooftema van dié uitgawe is *Goud en silwer het ons nie...*

Die redakteur, **dr Gerhard Lindeque**, skryf in sy redaksionele berig dat die resessie ons almal op die een of ander manier raak. Hy verwys na Job, wat alles verloor en uiteindelik steeds met die hoop leef dat God omstandighede kan verander. Waar God is, is daar altyd ’n toekoms. God vat nie die swaarkry weg nie, maar deur geloof kry ons die krag om dit te hanteer. Dit is die hoop wat ons aan die wêreld verkondig. Nie die valse hoop van aardse voorspoed wat sommige kerke aan mense voorhou nie, nie goud of silwer nie. Maar die grootste skat in die hemel, waar mot en roes nie verniel nie.

Artikels wat die hooftema verder dra, is *Is daar lewe na werksverlies?* van **dr Johan Coetzee** en *Lidmate en skuld* van **Elmar Struwig**.

Dr Daan van Wyk (jr) se artikel *Die opstanding van Jesus is ’n werklikheid: Dit is genoeg* is geskryf in antwoord op die vraag in die vorige uitgawe van ’n ouderling oor geloofskwessies. Dr Van Wyk kom tot dié gevolgtrekking: *Die opstanding van Jesus is die hart van die Christelike geloof. Jy glo dit omdat jy, soos die eerste gelowiges van die eerste eeu, met die opgestane, lewende Here Jesus Christus gekonfronteer word en in Hom glo as die Seun van die lewende God. Nie omdat historici dit kan bewys nie.*

*** Teken in op *Die Hervormer* teen R80 (2010-prys) vir 11 uitgawes. Kontak mev Susann van Zyl by 012 322 8885 x291, **sentik@nhk.co.za of** per faks by 012 322 7906.

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Ds André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx